Invader-B-Lok™

Effektiewe Beheer van Oosterse vrugtevlieg

River Bioscience

River Bioscience (Pty) Ltd
www.riverbioscience.co.za
admin@riverbio.com

Die Probleem:

Die produksie van sitrus, sagtevrugte en subtropiese vrugte word gewoonlik beperk deur plaaslike vrugtevliegplae wat óf direkte skade veroorsaak wat tot gewasverlies lei óf marktoegang beperk, aangesien dit 'n fitosanitêre pes is.

Hoe Beskadig Vrugtevlieë Jou Gewasse?

Vrugtevlieë steek vrugte om hul eiers te deponeer, wat in larwes uitbroei. Hierdie larwes voed op die vrugtepulp wat lei tot verval en sekondêre infeksies.

Die Oplossing: Invader-B-Lok™

Invader-B-Lok™ is 'n veselblok wat geïmpregneer is met metiel eugenol en merkaptotion ('n organofosfaat insekdoder). Die metiel eugenol komponent van die Invader-B-Lok™ is hoogs aantreklik vir mannetjies van verskeie *Bactrocera* spesies. Mannetjie vrugtevlieë, aangetrokke tot die metiel eugenol mengsel, sterf op kontak met die merkaptotion.

Die gebruik van 10-12 blokke per hektaar is voldoende om die spesie te beheer indien teenwoordig. Blokke moet elke ses weke vervang word vir effektiewe beheer. Met hantering van die Invader-B-Lok™ moet beskermende handskoene gedra word, aangesien die produk merkaptotion bevat. Lokstasies moet op 'n tak binne die afdak aan die skaduryke kant van die boom gehang word, op 'n hoogte van ongeveer 1,5m bo die grond.

Hoe werk Invader-B-Lok™?
MAT Beginsel:

Die toepassing van Invader-B-Lok™ volg die beginsel van mannetjie uitwissingstegniek (MAT) (sien illustrasie), wat hoë vlakke van mannetjie mortaliteit teiken vir spesies wat reageer op metiel eugenol. Die uitwissing van mannetjie vrugtevlieë verminder die hoeveelheid paring ervarings in die vrugtevliegpopulasie, waardeur die populasie onderdruk word en vruginfestasie verlaag word.



Die resultate lei tot 'n laer vrugtevlieg-populasie en minder vrug infestasies.

Doeltreffendheid van mannetjie uitwissing word grootliks verbeter wanneer dit gekombineer word met proteïen lokaas, hetsy deur bespuitings of gebruik van proteïen lokstasies, soos die M3™ Lokstasie wat wyfies teiken.

Invader-B-Lok™ Voordele:

Invader-B-Lok™ is veilig vir beide die omgewing en die verbruiker, asook 'n aantal voordele verbonde aan die gebruik van Invader-B-Lok™:

Doeltreffendheid

Dit bevat 'n hoogs spesifieke aantrekmiddel, van natuurlike oorsprong vir verskeie spesies van vrugtevlieë, veral van die genus *Bactrocera*.

Residu

Daar is geen beperkings op die gebruik van Invader-B-Lok™ tot oestyd nie, aangesien Invader-B-Lok™ geen residu's op vrugte laat nie.

Spesifisiteit

Dit benadeel nie vis, voëls of wild nie en het 'n minimale uitwerking op meeste voordelige insekte.

IPM Vriendelik

Invader-B-Lok™ is dus ten volle versoenbaar met 'n geïntegreerde plaagbestuursprogram (IPM).

Doeltreffenheid van Invader-B-Lok™:

Invader-B-Lok™ is ontwikkel om die Oosterse vrugtevlieg in alle soorte landbougewasse te beheer. Navorsing het getoon dat Invader-B-Lok™ uiters effektief is teen die Oosterse vrugtevlieg. Proewe wat in Benin gedoen is, met behulp van metiel eugenol en merkaptotion geïmpregneerde blokke vir die uitwissing van mannetjie Oosterse vrugtevlieg, in samewerking met Citrus Research International (CRI), het 'n aansienlike afname in mannetjie getalle getoon met gevolglike vermindering in vrugtevlieginfestasie van mango's en 'n groter oes van bemarkbare mango's gelewer.

Navorsingsproewe wat oor 'n tydperk van twee jaar in Nelspruit gedoen is, het bevind dat Invader-B-Lok™ teen 10-12 blokke per ha aansienlik beter as 4 blokke/ha presteer het om vrugtevliegbesmetting op Star Ruby-pomelo's te verminder.

The resultaat:

97% Vrugtevlieg vermindering deur die gebruik van Invader-B-Lok™

Bevolkingstendense van mannetjie vrugtevlieë in metiel eugenol lokvalle in standaard beheerde (soliede lyn) en Invader-B-Lok™ behandelde boorde (stippellyn).



Invader-B-Lok™ is 'n hoogs effektiewe metode wat lei tot beduidende vermindering in vrugtevlieg getalle en verminder vrugtebesmetting aansienlik in vergelyking met onbehandelde boorde.

River Bioscience

River Bioscience (Pty) Ltd.
admin@riverbio.com
5th Floor, Fairview House,
Fairview Office Building, 66 Ring Road
Greenacres, PE, 6045
PO Box 20388, Humewood, 6013

Skandeer vir meer inligting

Invader-B-Lok™ L8585
River Bioscience (Pty) Ltd.
Aktiewe Bestanddele:
Metiel Eugenol (15g/lokstasie) &
Merkaptotion EC500/UL 1130 (5ml/lokstasie)